# Vryers, Vriende en Familie

## Familie (Storgé)

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 1 Maart 2026

Jou verhoudings is die venster van jou geloof. Ongelowiges kyk na hoe jy liefhet:

**Johannes 13:35**

Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

Drie menslike liefdes is in ons natuur ingebou: Eros (romantiese liefde), Philía (vriendskap), en Storgé (gesinsliefde), waaroor ons vandag dink.

Die vroegste liefde wat ons in ons lewe leer ken, Storgé, die Griekse woord vir toegeneentheid, gesinsliefde. Die liefde tussen 'n ma en haar baba, 'n pa en sy seun, broers, susters, oupas, oumas, kleinkinders. Die gemaklike liefde voor gewone, alledaagse kaggels op 'n koue dag. Die liefde wat vir jou, in jou ou uitgetrapte pantoffels en T-hemp, sê: "Jy's hier. Dis goed."

"Affection is responsible for nine-tenths of whatever solid and endurable happiness there is in our natural lives... The mind of Christ is to be learned in the family. Strength of character may be acquired at work, but beauty of character is learned at home. There the affections are trained." (C.S. Lewis)

Maar tog, die knus, gemaklike gesinsliefde, kan donker en vernietigend word.

Vir party mense is die woord "gesin" soos 'n warm tuiskoms, vir ander loop dieselfde woord saam met woorde soos pyn, teleurstelling, wonde.

Die Here het raad, en genade, en krag vir ons almal. Vir jong ouers wat wonder hoe op aarde hulle hierdie kleinding reg moet grootmaak. Vir 'n tiener wat dalk voel niemand in sy huis verstaan hom nie. Volwassenes met letsels uit hulle kinderjare. Bejaardes wat in 'n stil huis sit en verlang na die dae toe dit vol geraas was. Mag ons almal vandag sien wat Storgé se geskenk is, waar die gevare lê, en hoe Agapé die enigste ware hoop vir ons gesinne is.

Voordat ons na probleme en oplossings kyk, moet ons eers dink aan die wonderlike geskenke van Storgé.

### Storgé se Versorging en Veiligheid

Storgé begin as die liefde wat 'n ma voel vir die onsigbare lewe binne-in haar. 'n Liefde wat nie op prestasie gebaseer is nie, maar op blote bestaan. Die baba is geliefd, net omdat hy is.

Hierdie eerste ervaring van versorging en absolute veiligheid is die eerste onderbou van 'n mens se emosionele welsyn.

Oorweldigende sielkundige navorsing toon dat kinders se ervaring van 'n veilige, stabiele band met hul ouers, selfs wanneer die kinders al volwassenes is, die enkele grootste voorspeller van hul toekomstige welstand is. Hulle het 'n gesonder selfbeeld, vaar beter op skool, en kan vir die res van hulle lewe storms van die lewe beter hanteer.

Maar die afwesigheid van hierdie veilige basis laat diep, blywende letsels. 'n Baie onlangse studie het bevind dat adolessente uit sogenaamde "gebroke huise" meetbaar swakker presteer in take wat aandag en deursettingsvermoë vereis, die gevolg van die emosionele onrus, onsekerheid, innerlike vermoeidheid, die uitdagings wat hulle ervaar in hulle gesinsverhoudings.

Storgé, in sy suiwer vorm, is God se primêre instrument om 'n mens se siel te anker. Dis die hawe waar ons leer dat ons behoort, ons maak saak, ons is veilig.

## Storgé se Rustigheid en Gemaklikheid

Een van my daaglikse hoogtepunte wanneer laatmiddag by die huis kom, is om my skoene uit te skop, ou klere aan te trek, deur die tuin te stap, dan op die stoep te gaan sit, en net te wéés. Storgé se tuiste is ’n plek waar jy nie hoef voor te gee nie, waar jy nie hoef te beïndruk nie, waar die protokol wat ander sosiale spasies vereis oorbodig, selfs onvanpas is. Dit is die tweede geskenk van Storgé: die rustigheid en gemaklikheid van die bekende.

’n Liefde van lewenslange, bestendige, voorspelbare klein, gewone oomblikke wat jy dikwels eers mis as jy dit nie meer het nie. Die stilte van saam in 'n vertrek sit en lees. Die simpel grappies van jou pa. Die koppie koffie wat jou man of vrou of ma elke oggend bring. Dis hierdie dinge wat ons mis wanneer iemand vir lank weg is, of wanneer ons iemand aan die dood afstaan... Die leë stoel aan die etenstafel. Die lummel van ’n tienerseun op die rusbank voor die TV. Die nuus wat Pa nie mis nie. Ma se sepie of kookkos. Pa se braaivleis. Die tienerdogter se gegiggel tydens haar Whatsapp-gesprekke met haar vriendinne... Storgé maak dat ek die gewone dinge wat jy gedoen het mis, maar selfs meer, ek mis dat jy... net... hiér was.

En hierdie liefde is nie noodwendig diep gekoppel aan plek nie. Jou ouers kan trek terwyl jy op universiteit is, maar as jy huistoe kom, is dit jou húís omdat Storgé ’n saamwees-liefde is. Orals voel dit ons is lankal saam...

Hierdie bestendige liefde is die fondament waarop die ander liefdes moet bou om te oorleef. Selfs 'n huwelik wat net op Eros gebou is, is arm. Dit het die gemaklike, pantoffel-liefde van Storgé nodig om die lang pad te stap.

## Die Geskenk van Aanvaarding en Identiteit

In 'n wêreld waar ons dikwels gemeet word aan ons voorkoms, ons posisie, ons salaris, ons

sukses, ons sosiale-media beeld, is die familie bedoel om die een plek te wees waar ons waarde nie ter sprake is nie. Jy is nie geliefd omdat jy die hoofseun is, of omdat jy die besigheidstransaksie beklink het nie, of omdat jy beeldskoon is nie. Jy is geliefd omdat jy óns s'n is. Jy behoort. Selfs al is jy verstandelik gestrem.

Ook die uitgebreide familie, ooms, tannies, en veral grootouers, die bewakers van die familie se stories, die brug na die verlede, die anker van tradisie, het ’n onvervangbare, heilige rol. Die aanvaarding, genade en aandag van 'n ouma of oupa wat verwyder is van die daaglikse stres en dissipline van ouerskap is dikwels 'n suiwerder vorm van Storgé as selfs dié van 'n ouer.

Navorsing toon dat kinders met 'n sterk band met hul grootouers 'n sterker sin van identiteit, beter emosionele stabiliteit en minder gedragsprobleme het. En studies toon dat grootouers wat aktief betrokke bly by hul kleinkinders 'n laer risiko het vir depressie en selfs demensie.

In Suid-Afrika is gesinsliefde in ’n krisis—byna 8 miljoen kinders—dit is 38% van al ons kinders—word in huishoudings groot waar grootouers die primêre versorgers is.

Die liefde van uitgebreide families… Heilig. Godgegewe. In ons moderne, gefragmenteerde wêreld moet ons dit ten alle koste beskerm.

Voor ons verder hieroor dink oor hoe ons sondigheid die groot geskenk van Storgé besoedel, eers ’n kort…

**Bemoediging vir Saamgestelde Gesinne…**

Miskien is jy 'n stiefpa of 'n stiefma. Miskien is jy 'n kind met ouers wat geskei en weer getrou het, en wanneer ons praat van die gemaklike, natuurlike, gesinsliefde, voel jy half uitgesluit. Hoe fabriseer ’n mens nou skielik weer Storgé…?

Net kort gedagtes oor hoe Agapé vir jou in ’n saamgestelde gesin kan help…

Agapé kan jou help om te **Glo in die Langpad** wat God met jou en jou en die mense in jou lewe loop. ’n Saamgestelde gesin het meestal twee tot sewe jaar nodig om weer ware bande van Storgé te vorm. Daarom, vertrou dat die God van Agapé jou kan help om vas te byt.

Agapé wil saamgestelde gesinne ook help om te **Werk aan Verhoudings eerder as Rolle.** Jou stiefkind se versigtigheid of afsydigheid is dalk nie die verwerping van jou as persoon nie, maar 'n lojaliteitskonflik. Om liefde aan jou te wys, voel soos verraad. “Jy kan nie die rol inneem van my Pa nie.” Agapé kom met wysheid en sê vir stiefkinders en stiefouers: “Bou in elk geval die verhouding.” Word eers net betroubare vriende, nie 'n tweede pa of ma of kind nie. Blote belangstelling, ondersteuning, respek. Josef, Jesus se aardse pa, was 'n stiefpa. Hy het gekies om 'n kind wat nie biologies syne was nie, lief te hê en te beskerm. En Jesus was ’n seun vir Josef, al was Josef nie sy eie pa nie.

Agapé wil saamgestelde gesinne ook help **Om Nuwe Brûe te Bou**. Om nie op die ruïnes van die oue te probeer bou nie. Om nuwe tradisies te skep wat uniek is aan hierdie nuwe familie. Dalk

'n nuwe vakansieplek of stokperdjies saam. Gedeelde nuwe ervarings skep ’n nuwe “ons" gevoel.

Vir elkeen in 'n saamgestelde gesin vandag, weet dit: jou stryd is 'n geleentheid om die Here se bonatuurlike Agapé-liefde op 'n nuwe manier te leer ken.

En ek glo wat ons vandag in hierdie boodskap leer van Storgé en Agapé tog ookvir jou lig kan bring...

Kom ons dink nou aan...

## Die Donker Kant van Storgé en die Redding deur Agapé

### Storgé se Versmoring... Agapé se Aanbidding en Vertroue

Die eerste skadukant van Storgé is wanneer daardie natuurlike drang om te versorg en te beskerm, ontaard in 'n behoefte om te besit en te beheer.

Die ma wie se hele sin van eiewaarde afhang van die feit dat haar kinders haar "nodig" het. Die pa wat, dalk heeltemal onbewustelik, die kind se groei na onafhanklikheid saboteer, want die kind se vryheid voel vir hom soos 'n verwerping. Dit laat ’n rebellie in die kind broei, hy wil later vir sy ouers uitskree: "Moet my nie so liefhê nie!" Hierdie versmorende "liefde" is eintlik selfsugtig, en 'n subtiele, wrede vorm van misbruik.

Die kind kan rebelleer, of indien nie, kan sy liefde miskien parasities word... "Ek sal jou toelaat om my te beheer, solank ek kry wat ek wil hê – finansiële sekuriteit, gemak of aandag is...” En so verander Storgé in 'n disfunksionele, manipulerende dans.

Hoe red Agapé ons hiervan? Agapé help ons om God te aanbid as ons middelpunt, bo my kinders. My kinders behoort in die eerste plek aan God. Dit vra dapper liefde om jou kinders al van kleins af groot te maak vir iemand anders. Om hulle nie te bind met jou liefde nie maar te bevry om versorg te word deur hulle hemelse Vader. En as kind, om jou ouers nie te sien as jou uiteindelik bron nie...

### Storgé se Oorfamiliariteit... Agapé se Agting

Deel van gesinsliefe is om te voel ons ken mekaar beter as die wêreld daar buite.

Maar dan... tog ken geen mens ’n ander wérklik nie. Storgé word donker as ons dit vergeet.

Paulus sê...

**1 Korinthiërs 2:11 (NV)**

Watter mens ken die verborge dinge van ’n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? (Wie kan ooit weet wat werklik in ’n ander mens omgaan?—LB) ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God.

Ons praat van “Ou Jannie...” Of, “Dis nou net ou Marietjie daai, so ken ons haar maar.” Dit kan dierbaar wees, maar dit kan ook donker raak. Om iemand op te som, te reduseer tot jou opinie. Geen mens kan selfs deur ’n psigonometriese, of persoonlikheidstoetse gedefinieer word nie. Sulke toetsings dui emosionele kenmerke aan, basiese maniere van konflikhantering, kommunikasievoorkeure, ja, maar o, elke mens is ’n komplekse unieke, ondefinieerbare, onherhaalbare wese.

Die Rooi Indiane se wysheid sê:

“When you say you know me, you’ve killed me in your presence.”

Agapé erken die misterieuse, onpeilbare beeld van God in elke ander mens. En op min plekke is dit nodiger as in ons eie huise.

Ons beskerm ons gesinsliefde deur op te kyk na mekaar, nie af nie, selfs nie na ons kinders toe nie. Verwondering, agting, is die teenmiddel vir oorfamiliariteit...

Paulus sê ons moet mekaar só sien:

**Filippense 2:3b**

...in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

Daar is 'n ou legende van 'n klooster wat sy geestelike krag verloor het. Die monnike was vol bygelowe en het met mekaar baklei en die mense het weggebly. 'n Wyse rabbi het geweet van hulle bygelowe en rusies. Toe gaan kuier by hulle, en in die geheim sê hy vir elkeen van die vier monnike: "Ek het 'n openbaring ontvang. Een van julle is die Messias wat in die geheim teruggekeer het." Skielik het alles verander. Elke monnik het die ander drie met ongelooflike respek en eerbied begin behandel. "Miskien is Bróer Thomas die Een," het broer Ignasius gedink. “Dalk is broer Wilhelmus die een,” het broer Arnoldus gedink. En so het hulle met die uiterste waardigheid teenoor mekaar begin optree. En soos hulle mekaar begin eer het, het 'n heilige atmosfeer na die klooster teruggekeer, en die mense het teruggestroom.

Dit is wat Agapé doen. Dit leer ons om die mens in ons huis te behandel asof daar meer van die Messias in hulle is as wat ons ooit kan vermoed.

**Storgé se Onbeskoftheid... Agapé se Beleefdheid**

Een van die vreemdste en hartseerste ironieë van die menslike natuur is dit: die mense vir wie ons die liefste is, is dikwels die einste mense met wie ons die lelikste praat. Die gemaklikheid van die huis, die wete dat ons aanvaar word net soos ons is, kan maak dat ons grense van

oordentliheid in ons huis oorskrei wat ons elders nie sal waag nie. In my gesin kan ek myself wees, maar dit word dikwels ’n lui, selfs arrogante houding: Ek kan wees nes ek wil, julle móét my aanvaar. Ons byt ons tonge tien keer by die werk voor ons vir 'n kollega sê wat ons regtig dink, maar by die huis… “Ons is familie, hier sê ek ’n ding soos hy is.” Mislei om te dink skerp, sarkastiese, afbrekende woorde is in ’n gesin aanvaarbaar. En so word die gesin dikwels die plek waar ons diep verwond word.

Paulus skryf aan gelowiges wat in huise saamwoon:

**Efesiërs 4:29, 31**

Moenie enige vuil taal gebruik nie; nee, sê net wat goed en opbouend is volgens die behoefte, sodat dit genade kan gee aan dié wat dit hoor… Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.

Agapé balanseer die kuns van tuiswees by mekaar met ’n fyn aanvoeling: Eerlikheid, met deernis. Humor, met waaksaamheid. Gemoedelikheid maar tog waardigheid. Elkeen in jou huis—kinders, ouers, grootouers—roep na deernisvolle aanraking, opregte omhelsing, maar veral na woorde wat lewe gee…

Ek het al ouers langs die netbalbane en rugbyvelde gesien wat hulle kinders tot in die grond verneder. Wat hulle vriende se kinders komplimenteer terwyl hulle eie kinders smag om ook sulke woorde te hoor. Ek het boeties en sussies al met mekaar hoor praat soos hulle in der ewigheid nooit met hulle vriende sal praat nie. O, ons stukkende Storgé het die waardigheid en bedagsaamheid van Agapé só nodig.

Agapé onthou altyd…

**Spreuke 18:21**

Dood en lewe is in die mag van die tong.

## Storgé se Verwaarlosing… Agapé se Moeite

Storgé se wonderlike geskenk is: Jy hoef nie iets te doen dat ons joune en jy ons s’n is nie. Jy is aanvaar, hier is dit vanselfsprekend.

Maar die lewe, my program, my werk, my skool, my sport, selfs my kerkaktiwiteite kan maak dat ek voel ek het geen tyd en energie oor vir die heel belangrikste mense in my lewe nie. My lewe steel my van die mense wat onder dieselfde dak as ek slaap. En nou neem ek net aan hulle weet ek is lief vir hulle, ek hoef tog nie die moeite te doen om dit te bewys nie.

Verlede week het ons gepraat van ons tafels. Eet vriende nog om ons tafel? Baie belangriker is Storgé se gesinstafel. Leonard Sweet skryf in sy boek "From Tablet to Table” dat om saam te eet en kuier om die tafel die een enkele, grootste ding wat 'n gesin kan doen om hul bande te versterk. Navorsing van Harvard Universiteit se "Family Dinner Project" moet ons weer laat

dink oor ons gesinstafels. Dit het bevind: kinders wat gereeld saam met hul families eet, kry beter punte, het 'n groter woordeskat, is minder geneig tot depressie, en het 'n beter selfbeeld. Hoekom? Want aan die etenstafel praat ons. Ons luister. Ons lag. Ons word 'n “ons”.

Hoe help Agapé dat vanselfsprekendheid nie verwaarlosing word nie? TYD en MOEITE. Die vanselfsprekendheid van Storgé het Agapé nodig, want gesinsliefde wat nie tyd insit harde werk, beplanning, opoffering nie, word verwaarlosing.

God se liefde vir ons het moeite gekos. Pyn. En dit help ons om te leer om die prys te betaal wat nodig is vir ons gesinsliefde.

### Storgé se Vervreemding... Agapé se Verbond

Die laaste, en tragiese, besmetting van Storgé, is die groeiende vervreemding tussen generasies. Storgé word donker wanneer ’n nuwe jong gesin ontstaan en die nuwe Storgé die oue begin afsterf. En so begin generasies armer word omdat hulle verby mekaar leef, veral vandag, in ’n wêreld waarin ons kinders en kleinkinders grootword wat so radikaal anders as die een wat ons geken het. Die veranderende morele landskap, jongmense wat oor die wêreld werk, tegnologie...

Tieners voel al hoe meer hul ouers verstaan niks nie en onttrek na hul eie digitale wêreld. Ouers voel magteloos en onseker, wat lei tot 'n tendens wat sosioloë die "erosie van ouerlike gesag" noem. Geïntimideerde ouers in ’n kultuur van vervreemding.

Dis asof ons begin aanvaar, die nuwe normaal is dat oud en jonk minder in gemeen het. Dat ons vandag ons nie meer die band kan hê wat ons voorheen gehad het nie. Maar hierdie wegdryf is teen hoe ons menswees ontwerp is.

Ek is oortuig, jongmense het die ankers van ou waardes en gesinstrukture oor die grense van generasies meer nodig as ooit. Kinders soek steeds sterk leiding. Met warmte en respek en duidelike, liefdevolle grense.

Regdeur die Skrif is daar ’n direkte verband tussen geloof en gesinsverhoudings.

Een van die oudste en mees bekende wette van alle eeue:

**Exodus 20:12**

Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.

Selfs oor leiers in die kerk sê Paulus:

**1 Timotheüs 3:5**

...as ’n mens nie sy eie huisgesin in orde kan hou nie, hoe sal hy vir die gemeente van God verantwoordelikheid kan neem?

As jy ’n kans kry, kyk na die program, "Live to 100: Secrets of the Blue Zones," met die navorser Dan Buettner.

Dit wys hoe in plekke in die wêreld, byvoorbeeld die bergdorpies van Sardinië in Italië, en Nicoya in Costa Rica, waar oud en jonk nog baie naby aan mekaar woon en saamleef, daar baie meer mense is wat oor ’n honderd jaar oud word.

Dit is asof die wetenskap en sosiologie nou eers besig is om in te haal wat die Skrif en die wysheid van God ons lankal leer: ons is gemaak vir mekaar, floreer in die gehegteid van oud en jonk...

Agapé kan help in hierdie magteloosheid en vervreemding want Agapé is ’n verbondsliefde...

Agapé is anders as ons menlike liefdes se wisselvallige gevoelens. Regdeur die Bybel is God se verhouding met sy mense nie gebaseer op hoe naby hulle op 'n gegewe oomblik voel nie, maar op sy onwrikbare belofte, sy verbond, ’n liefde wat sê: "Ek het My aan jou verbind, en Ek sal jou nooit begewe of verlaat nie.”

Die Skrif beskryf God se liefde nie oor die grense van tyd en generasies:

**Deuteronomium 7:9**

Weet dan dat die Here jou God, Hy is God, die getroue God wat die verbond en die troue liefde hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, tot in die duisendste geslag.

Agapé, vebondsliefde wat oor duisende generasies strek, wil ons help om mense van verbond te wees: "Al woon jy ver, al verstaan ek nie altyd jou wêreld nie, al verskil ons soms, ek is hier vir jou, tot aan die einde.”

So het Rut liefgehad... Naomi, nie eers haar ma nie, maar haar skoonma, het alles verloor en sê vir Rut sy moet teruggaan na haar eie mense toe. Maar Rut se Storgé was deur Agapé gevorm tot verbondsliefde:

**Rut 1:16-17**

Maar Rut sê: “Moet my nie dwing om u te verlaat en om van u af weg te gaan nie, want waar u gaan, sal ek gaan, en waar u bly, sal ek bly. U volk is my volk, en u God is my God. Waar u sterf, sal ek sterf, en daar sal ek begrawe word. Mag die Here so aan my doen en so daaraan toevoeg: net die dood sal tussen my en u skei.”

Die antwoord op vervreemding. 'n Liefde wat kies om te bly. Verbondsliefde tussen ouers, kinders, grootouers, kleinkinders, ooms, tannies nefies, niggies Dis God se droom...

Kom ons sluit af...

## Die Huis Waarna Ons Almal Verlang

Elke gesin se vreugde en pyn, wek in ons 'n verlange, na 'n plek van volmaakte liefde, volkome aanvaarding en ewige veiligheid. 'n Verlange na 'n ware tuiste.

Die evangelie vertel van so 'n tuiste... Jesus het sy sy lewe afgelê om ons deel te maak van dié gesin, met volmaakte gesinsliefde, van ewigheid af, tussen Vader, Seun en Heilige Gees...

**1 Johannes 3:1**

Kyk wat ’n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!

**Psalm 68:6-7**

’n Vader van die wese en ’n regter van die weduwees is God in sy heilige woning. God laat die eensames woon in ’n huisgesin...

Daar is 'n plek vir elkeen in die Vader se huis. God herstel wat gebroke is. Jesus se laaste woorde aan sy dissipels voor Sy kruisiging...

**Johannes 14:2-3**

In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Kom ons neem die nagmaal. Ons bring ons gesinne na Hom toe, terwyl ons sit aan die tafel van ons Vader tot daardie dag dat ons huistoegaan sal aanbreek.